LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

28-05-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 19 VIR 2018

1 **EKSAMEN:**

- Graad 1, 2 en 3 verdaag vanaf 28 Mei om 13:00 en Graad 4-7 verdaag 13:15 tot einde van die kwartaal.
- Ons wil graag vir die leerders die geleentheid gee om voor te berei vir die eksamen die volgende dag.
- Ons versoek die juniors se ouers om asb. dadelik u kind op te laai sodat daar parkering is vir die senior leerders se ouers.

2 FORMELE ASSESSERING:

- Leerders het begin met formele assessering. Grondslag- en Intersenfase doen daagliks 'n assesseringsaktiwiteit. Leerders moet asseblief elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word, ook as hulle net kom skryf en dan weer huistoe gaan**. Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0 kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- Die skool begin met 3de kwartaal se werk na afhandeling van alle assessering. Normale klaswisseling vind plaas in die eksamen.
- Leerders is skoolpligtig.
- Geen ouer broers of sussie mag leerders kom uitteken nie.

3 FONDSINSAMELING:

- Alle boekies van die Volkswagen Polo karretjie moet reeds vandag ingehandig word vir oudit doeleindes. Ons vra asseblief u samewerking in hierdie verband. U as ouer bly verantwoordelik daarvoor.
- Baie dankie vir u reuse poging om van hierdie projek 'n sukses te maak. Ons waardeer elkeen van u se bydrae geweldig baie! U is werklik ster ouers!

4 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

Alle Graad 1-3 uitslae moet aan Juf. Lizelle gewys word en alle Gr 4-7 uitslae vir Juf. Helanie. Kom wys asb. die oorspronklike sertifikaat met die repliek/kommentaar. Geen afskrifte sal aanvaar word nie. Sluitingsdatum vir uitslae vir hierdie sessie is Vrydag, 1 Junie 2018. GEEN laat uitslae word aanvaar nie. Onthou alle Heidelberg en Suikerbosrand afdelings word in ag geneem vir kultuurpunte 2018.
(Kultuurbeleid is beskikbaar op die webblad).

Leerders moet asb. bewyse en name van dramastukke/gedigte/danse en sang saam met sertifikaat en repliek bring.

Instrumentale afdeling inskrywings sluit Woensdag, 30 Mei. Kunsstukke wat by die skool ingegee was se uitslae sal Juf. Helanie self aanteken sodra sy dit ontvang het. Kunsstukke sal weer uitgedeel word. Alle buite-instansies vir kuns se sertifikate moet asb. ook kom wys word vir aanteken van uitslae.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:

Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Inskrywings het reeds gesluit by Laer Volkskool. Tye sal uitgegee word sodra dit ontvang word.

6 HER-REGISTRASIE VIR 2019:

Stuur asb. so spoedig moontlik die her-registrasie vorm wat u kind ontvang het, terug na die klasonderwyser. Maak asb. seker dat u die Gedragskode van die leerders deurgaan op die webblad.

7 NETBAL 2018:

Baie geluk aan die 0/11A, 0/12A en 0/13A wat deurdring na die uitspeel rondtes wat Vrydag en Saterdag plaasvind. Die spanne moet asb. onthou ons oefen elke middag vanaf 13:30-14:30 by die hoërskool se bane.

8 MINI-NETBAL 2018:

Baie dankie vir elke speelster se harde werk en oefen; vir elke ouer wat ondersteun en rondgery het en vir 'n lekker seisoen!

9 RUGBY:

- Oefentye soos op die brief wat spelers ontvang het (Oefentye tydens K2-eksamen).
- Dinsdag speel ons ons laaste liga wedstryd weg teen Fonteine in Sasolburg. Busbriewe op die laatste môreoggend terug.
- Spanne wat vorder na semi-finale sal in kennis gestel word.
- Dit vind plaas op 5 Junie in Vanderbijlpark.

10 BULLETJIE RUGBY:

Die bulletjie rugbyseisoen het tot 'n einde gekom. Ons wil baie dankie sê vir elke afrigter en ouer se tyd, moeite en liefde wat hulle gekweek het by elke seun. Ons wil ook vir die ouers dankie sê vir hulle goeie gedrag langs die veld en ondersteuning teenoor die afrigters. Ons waardeer dit baie.

11 HOKKIE:

Baie geluk aan Ruben Oosthuizen, Daniël Jordaan, AJ Engelbrecht, Christiaan Jordaan, Petro du Plessis en Abby Goodes wat hierdie naweek vir die D7 span aan die 2018 Hokkie-fees deelgeneem het.

12 KOOR:

- Juniorkoor:
  - Juniorkoor oefenprogram van hierdie week af:
    Maandag - 28 Mei - 13:20 - 14:00
    Maandag - 4 Junie - 13:20 - 14:00

Maandag - 11 Junie - GEEN OEFENING
Maandag - 18 Junie - 13:20 - 14:00

- Seniorkoor:
  - Seniorkoorlede moet asb. by die oefeninge wees. Ons het 2 of 3 oefening oor voor Eisteddfod optrede. Reël asb. doktersafsprake/tandartsafsprake ens. op ander dae as dit moontlik is. Koor-oefening kom nie tot sy volle reg as almal nie daar is nie.
  - Seniorkoor oefenprogram:
    Woensdag - 30 Mei - GEEN OEFENING a.g.v. eksamen
    Woensdag - 6 Junie - GEEN OEFENING a.g.v. eksamen
    Woensdag - 13 Junie - GEEN OEFENING
    Woensdag - 20 Junie - BAIE BELANGRIKE KOOR OEFENING vanaf 13:30 - 15:45 - Almal moet asb. teenwoordig wees.

13 SPREEKKOOR:

Daar is vanmiddag oefening van 13:00 tot 13:30. Almal moet daar wees want ons gaan nuwe gedigte leer. Baie geluk aan elkeen met julle 2 diplomas wat julle gekry het by Heidelberg Eisteddfod. Ons is baie trots op julle

14 KAALVOETDAG:

Baie dankie vir elke Volkie wat van Kaalvoetdag 'n sukses gemaak maak het, ten spyte van die koue! Julle is sterre!

15 WILDSFEES:

Onthou asb. om julle kaartjies te kom koop vir ons Wildsfees op 2 Junie 2018. Kaartjies is beskikbaar teen R250 per volwassene en R125 per laerskoolkind. Kom kuier lekker saam met ons in die Volkie tent. Daar is 'n heerlike spitbraai deur La Oma en 'n Wildsvleis proe-tent met onder andere die volgende om van te proe: Krokodil op die spit; Koedoe, Blouwildebees, Rooibok, Tarentaal, Volstruis, Vlakvark, Blesbok, Waterbok en Springbok! Vir enige navrae kontak vir Heléne Botha, 016 341 6216. U toegangskaartjie is genommer wat u outomaties deel maak van 'n gelukkige trekking by die Wildsfees waar 'n reeds verwerkte bok - in biltong en droëwors - gewen kan word.

16 BELANGRIKE INLIGTING:

* Ons is baie trots op al ons leerders by die skool. Hulle is bereid om op te staan vir dit wat reg is.
* Geld en verlore goedere wat opgetel word, word by die kantoor ingegee.
* Daar is egter enkele gevalle waar leerders mekaar verbaal afkraak en seermaak. Ouers word versoek om asb. ons kinders te leer om nie met woorde af te breek nie, maar om verdraagsaam met mekaar te wees.
* Ouers mag nie kinders konfronteer nie, dit is teen die Kinderwet. Meld dit asb. by die klasonderwyser aan sodat dit deur die skool hanteer kan word.
* **Ons versoek ons ouers om asb. nie te kommunikasie deur middel van sosiale media nie. Kontak asb. die skool en maak 'n afspraak met die betrokke persoon.**
* Baie dankie vir u samewerking in bogenoemde verband.

17 SKAAK:

- Baie geluk aan Danielle de Villiers, Brandt Huisamen, Div Huisamen, Roxanne Roos, Gabriela Roos, Abigail Roos, Anika Coetzee en Armin Stimie wat Vrydag aan die Gauteng Skaakkampioenskappe deelgeneem het. Baie geluk aan Brandt Huisamen wat in die Top 10 geëindig het.

- Heidelberg Skaakklub hou 'n skaakkamp. Nie-lede is welkom om ook na die kamp toe te gaan. Dit vind plaas vanaf Vrydag, 22 Junie 2018 tot Sondag, 24 Junie 2018. Vir enige verdere inligting, skakel gerus vir Francois de Villiers by 0836354651.

18 AKADEMIESE UITSTAPPIE:

Vanjaar is ons Akademiese uitstappie op Woensdag, 18 Julie 2018. Ouers word herinner om asb. die gelde van R160 voor of op 12 Junie 2018 in te betaal by die klasonderwyser. Indien u wil EFT, gebruik AKADEMIE/U KIND SE NAAM/GRAAD as verwysing.
Verdere inligting volg binnekort.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF